

Dagsê Alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria

Ek kan dit nie glo nie maar dit is nou 'n jaar gelede dat ek die eerste brief geskryf het. Hier is nou 94 mense wat elke maand die brief ontvang. Ek sukkel hierdie maand vreeslik om aan die werk te kom. Ons het ongelukkig 'n televisie wat gholf uitsaai en ek vind dit vreeslik interessant.

Vandag net 'n aantal kort sketse van beroemde/berugte persone in Pretoria.

**Juta, Louise** [21 Julie 1880 – 27 Februarie 1931]

Sy was die vrou van William Juta van die bekende uitgewersmaatskappy en is begrawe in die ou Kerkhof in Kerkstraat. Sy is vernoem na Louise [Marx] die vrou van J.C. Juta. Louise Marx was die suster van Karl Marx die vader van kommunisme. [AND-03 p40]

**Fillis se Sirkus**

H.R. Abercrombie het in 1887 as jong seun na Suid Afrika gekom. In sy boek "The Secret History of South Africa" gee hy die volgende beskrywing van sy reis: "I soon made a few friends. Among these were Frank Fillis, the great circus man of that time in South Africa, and Johnnie Wallet and his daughter. Johnnie was one of the best clowns I ever met. The members of the circus included a baby elephant and two Shetland Ponies. We children were fortunate as Fillis often exercised his animals and made them perform for us. On moonlight nights Sunnyside Mears (he owned the township of Sunnyside at Pretoria) played the violin and Fillis the concertina while the passengers danced." [p29]

Dit het nie baie voorspoedig gegaan met die olifant van die sirkus nie. Op 22 Junie 1897 skenk Fillis die lyk van 'n Indiese Olifant aan die Staatsmuseum sodat die vel en geraamte bewaar kan word. Krantz en Swierstra het 'n week gewerk om alles in orde te kry. Dit is bekend dat die olifant aan tetanus beswyk het. Die koste om die olifant te slag en op te stop het minder as 200 pond bedra. [PR-100 34]

Die volgende kom uit die herinneringe van A.C. Kotterer soos opgeteken in 1952. "Ek het in 1896 saam met my ouers uit Nederland gekom. Waar die Mutual- en Reserwebankgebou nou staan, was daar geboutjies waaronder 'n teekamer en 'n fietswinkel. Agter hulle het Fillis se sirkus sy vertonings gegee. Dit was voor Pagel se dae." [PR-4 p6]

C.W.L. de Souza onthou: "I wonder how many Old-timers can remember Fillis circus? In the first decade of the century there was indeed little commercial entertainment for the young. So the rare and real thrill of those days was the advent of a circus. With what awe did we watch the disembarkment of the animals at the station and the subsequent proud parade from there to the Square. The site was then the vacant area behind Spencer & Marks' Building upon part of which the Mutual & Reserve Bank now stands". [PR-49 p36]

**Henry Rider Haggard** [1856-1925]

Ek weet nie wie van u almal die boek *King Solomon's mines* as voorgeskrewe boek op skool gehad het nie. Die skrywer daarvan, H. Rider Haggard, later sir Rider Haggard het as jong man 'n hele paar jaar in Pretoria gebly. Van sy ander boeke is *She*, *Jess* en *Alan Quatermain*.

Sir Henry Rider Haggard is te Brandenham Hall, Norfolk, Engeland gebore. Hy was romanskrywer, koloniale amptenaar, en landbouhervormer. As negentienjarige kom hy Suid-Afrika toe as sekretaris van Henry Ernest Gascoyne Bulwer, goewerneur van Natal.. In 1877 word hy aangestel as lid van sir Theophilus Shepstone se spesiale kommissie vir Transvaal en in

1879 word hy Meester van die Transvaalse hooggeregtshof. In 1881 keer hy terug na Engeland. [AND-01 p56]

Hy en 'n vriend, Arthur Cochrane, koop 'n erf in die buitewyke van Pretoria en bou daar vir hulle 'n huisie. Omdat dit so klein was doop hulle dit "The Palatial." Dit was 'n sinkdakhuisie bestaande uit twee kamers en 'n kombuis. Dit staan later bekend as Jess's Cottage na aanleiding van sy boek Jess. [BOL-01 p29]

Volgens Rossouw [Die groot verlange] is Jess wat as inspirasie vir die boek gebruik is, die suster van Eugene Marais. Sy was Gezina Constantia Marais wat later met Rex getroud is.

### **Van Gogh, Cornelis Vincent**

[Zundert, Noord-Brabant 17 Junie 1867 – 12 April 1900 Brandfort]

Die jongste broer van die Nederlandse skilder Vincent Willem van Gogh. Cornelis van Gogh kom 1890 in Transvaal aan en help lokomotiewe bou vir die NZASM by die Cornucopiamyn op Elandsfontein. Daarna is hy vermoedelik betrokke by die aanleg van die Delagoabaai-spoorlyn.

Hy trou in Februarie 1898 met Anna Cathrine Fuchs en tydens die Anglo-Boereoorlog sluit van Gogh by die vrywilligerkorps van die Vrystaat van generaal J.S.F. Blignaut aan. Hy word nabij Kroonstad gevang, na die hospitaal op Brandfort gebring en is daar oorlede. Volgens 'n ander bron is die sterfdag 14 April 1900 en in die eerste verklaring word die doodsoorsaak "zelfmoord gedurende koorts" aangegee. [PLO-01 p133]

Na sy huwelik in 1898 het hy in Markstraat gebly [Bol-01 p150] en volgens Longlands het hy in 1899 in Potgieterstraat tussen Pretoriuss- en Schoemanstaat gebly. Sy beroep word aangegee as engineer ZASM. [LON-1 p59 en p123]

Voordat Cornelis na Suid Afrika vertrek het het hy eers 'n besoek by sy broer Theo in Parys afgelê. Theo, 'n kunshandelaar, het vir Cornelis 'n paar van Vincent se skilderye as geskenk gegee. Later het Cornelis uit Suid Afrika geskryf hoe die skilderye sy kamer ophelder. [BOL-01 p150]

Sy huwelik was nie baie gelukkig nie en agt maande later het hy 'n testament opgestel waarin hy sy moeder in Nederland benoem as sy enigste erfgenaam. In 1904 het sy weduwee die testament in die hof beveg. Uit die hofstukke blyk dit dat sy hom "uit eie vrye wil voor sy dood verlaat verlaat het, en al sy meubels geneem het." Wat van die skilderye geword het weet niemand nie. [BOL-01 p151]

Cornelis Van Gogh se naam verskyn op 'n muurbord aan die oostelike gewel van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Du Toitstraat saam met 78 name van Nederlanders wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die stryd vir die Republieke omgekom het. 'n Duplikaat van die wandbord is in die voorportaal van die Twee Toringkerk in Bloemfontein. [PR-99 p66]

### **Zeppelin**

Ek het 'n digitale foto van die personeel van Generaal Kock. Een van die personele op die foto word aangedui as Count Zeppelin. Het iemand miskien meer inligting? Ek wil vreeslik graag weet of dit die Zeppelin van die latere Lugskip is?

### **Een en ander oor my werk**

Ek was besig met familie navorsing [Skinner/Zieler] toe die ou Ou Pretoria gogga my gebyt het. Ek het begin boeke versamel en het vandag meer as 200 boeke en tydskrifte. Ek het ongelukkig nie 'n fotografiese geheue nie en dit het later vreeslik moeilik geword om iets op te soek tussen al die boeke.

Daar word gesê 'n biblioteek/versameling is net so goed soos sy ontsluitingstelsel. Dit het my genoodsaak om 'n onderwerp lys [INDEX] op my rekenaar te begin. Dit was 'n lang pad maar vandag staan my INDEX op 19,000 inskrywings. Dit is hoofsaaklik van mense, maar ook van plekke en gebeure in ou Pretoria. Op 'n stadium het dit te veel geword en ek het besluit om my veld te beperk tot **Pretoria voor 1900**.

Op die oomblik gebruik ek nog Exel vir die Index maar sal moontlik later oorskakel na 'n databasis. Hier onder plaas ek so 'n stukkie van die Index sodat u kan sien hoe dit lyk.

Weeskind	Pretorius se kanon	PRE-12	p140
Wege, J.	Schubartstraat [1899]	LON-01	p083
Wegner, E.	Bestuur Transvaal Hotel	Pretoriussstraat [1888]	DUN-01 p240
Wegner, Ernst [bestuurder]	Horse Shoe Bar	Kerkstraat [1897]	DUN-01 p164
Wegner, Ernst [proprietor]	Transvaal Hotel [1888]		DUN-01 p164
Wegner, Otto [barman]	Phoenix Bar	Kerkstraat [1889]	DUN-01 p007
Wegner, Otto [eienaar van kroeg]	Bosmanstraat h	Kerkstraat	PR-083 p039
Wegner, Otto [proprietor]	Pretoria Bar h	Bosmanstraat Kerkstraat	DUN-01 p180
Wegner, Otto Emil [Herman] [*1866-1935]	Geskiedenis en graf	AND-03	p082
Weichardt, J. [verpleegster]	Personnel van Volkshospitaal [1899]	STA-03	p368
Weichert, H.	Bosmanstraat [1899]	LON-01	p045
Weijers, J.B. [1ste klas opsigter]	Kantoor van Publieke Werke [1899]	STA-03	p109
Weijgers, J.	Potgieterstraat [1899]	LON-01	p059
Weilbach, Cornelis	Leerling van Wessel Loius	PR-014	p017
Weilbach, Cornelius	Leerling Meester Wessel Louis se Skool [1900]	PR-032	p064
Weinhold, Theodore	Graf in Lutherse deel van begraafplaas	AND-03	p085
Weinraub & Abramsohn	Koop bottels,Eerste Fabieken.Glasblasery	PR-032	p096
Weinthal,	Woonhuis Bosmanstraat [1892]	DUN-01	p293
Weinthal, Leo [*1865-1930]	The press Weekly	PR-106	p062+
Weinthal, Leo Eienaar van Schoemanstraat 270	[1895]	PR-058	p008
Weinthal, Leo Eienaar van Schoemanstraat 271	[1896]	PR-058	p008
Weinthal, Leo Hoofredakteur, The Press	Weekly [1895]	PR-106	p062
Weinthal, Leo Redakteur van "The Press"	PR-071	p026	
Weinthal, Leo [editor]The Press	Vermeulenstraat [1891]	DUN-01	p084
Weinthal, Leo [Kya Rosa]	Skinnerstraat [1899]	LON-01	p085
Weinthal, Leo [uitgewer]	Longland [1896] De Pers	PR-083	p037
Weinthal, Leo [uitgewer]	Longland [1896] The Press	PR-083	p037
Weinthal, Leo.Nuusblaai in Pretoria [1899]	STA-03	p310	
Weinthal, Rosa	PR-106	p066	
Weinthal, Rosa	Kaya Rosa Vernoem	PR-058	p008
Weiss, [dr]	Woonhuis Pretoriussstraat [1892]	DUN-01	p240
Weiss, W. [doctor]	Lid van Pretoria Klub [1890]	ATK-01	p077
Weiss, W.A.J. [dr]	Geneesheer, toegelaat tot beroep [1889]	STA-02	p078
Weiss, W.A.J. [dr]	Praktiserende Geneesheer [1899]	STA-03	p091
Weivelde	Begin van Munisipale bestuur van Pretoria	ARG-03	p005+
Welgegund	Plaas van M.W. Pretorius	PR-077	p055+
Welgemoed	Eienaars, eerste plase in Pretoria [1872]	PR-102	p009
Welgemoed, D.J.	[*-1901] Geskiedenis en graf	AND-03	p082
Wellington Bar	Kerkplein [1902] [eers Post office Bar]	BOL-01	p102
Wellington Bar	Kerkplein, h	Kerkstraat [1899]	LON-01 p033
Wellington Bar	Kerkstraat h	Kerkplein [1899]	LON-01 p031
Wellington Bar	Max Stadler [prop]	Kerkstraat [1898]	DUN-01 p164
Wellington Bar [Max Stadler]	Kerkplein-W	DUN-01	p028

Wemmer, Ethelbert (J.)	[*-1887] Geskiedenis en graf	AND-03	p082
Wemmer, Martha	Geskiedenis en graf	AND-03	p082
Wemmer, Sameul [Sam]	Geskiedenis en graf	AND-03	p082
Wennips, A.J. [govt riding school]	Paul Krugerstraat [1899]	LON-01	p051

Ingesluit by die Index is 'n volledige bronnelys.

Die Index is gratis beskikbaar aan alle belangstellends. Daar is egter 'n probleem. In sy gewone formaat is die Index nou meer as 2,000 kb groot en kan nie met e-pos gestuur word nie. Ek kan dit wel verklein met WINZIP, dan is dit amper 700KB en neem baie lank om af te laai. So as u belangstel en weet hoe om WINZIP te gebruik kan ek dit stuur. Of kom kuier en bring 'n skoon CD saam dan maak ek vir u 'n kopie.

Indien u probleme ondervind om die boeke wat in die Index gebruik is op te spoor is u welkom om hier te kom navorsing doen. 'n Paar van die boeke in my versameling is o.m.

- \*\* Allen, Vivien **Kruger's Pretoria** 1971 A.A. Balkema. Kaapstad
- \*\* Andrews, Tom ea. **Straat- en Plekname van Ou-Pretoria** 1989 J.L. van Schaik
- \*\* Andrews, TomGod's Acre. **Church Street Cemetary** 1994
- \*\* Argief Jaarboek. Jaar 23 vol. 1 1960 Nat. Commercial Printers. Elsies Rivier [Doktorale verhandeling van Cloete, **Onstaan en ontwikkeling van Municipale bestuur en Administrasie van Pretoria tot1910**]
- \*\* Argief Jaarboek. Jaar19 vol. 1 1956 Cape Times Limited [Davey, **The Siege of Pretoria 1880-1881**]
- \*\* Breytenbach, J.H. **Notule van S.A.Rep Volksraad**
  - Deel 1 [1844-1850]
  - Deel 2 [1851-1853]
  - Deel 3 [1854-1858]
  - Deel 4 [onrbtreek nog]
  - Deel 5 [1864-1866]
  - Deel 6 [1866-1867]
- \*\* Lola Dunston **Young Pretoria 1889-1913** 1975 Lola Dunston Pretoria
- \*\* Duxbury, Geo. R **First war of Independence 1880 - 1881** 1981 Sa Nat. Museum of Military History
- \*\* Ernst, F and Scheurer, K **History of the Swiss in South Africa** 1979
- \*\* Longland **Longland,s Pretoria Directory** 1899 [Naamlys van al die persone wat in 1899 in Pretoria gewoon het]
- \*\* Ploeger, Jan [dr.] **Over-vaal** 1963
- \*\* Ploeger, Jan [dr.] **Nederlanders in Transvaal** [1850-1950] 1994 J.L. van Schaik Beperk., Pretoria
- \*\* **Pretoriania** [Tydskrif van die Genootskap Oud Pretoria] [reeks is byna volledig]
- \*\* Rex, H.M. **Pretoira van Kerkplaats to Regeringstsel** 1960 HAUM. Kaapstad
- \*\* Kuipers, H. ea **Staats-Almanak v d Zuid-Afr. Republiek** 1899 Staatsdrukkerij, Pretoria [Lys van alle persone wat in die staatsdiens was] [boek vir 1889 ook beskikbaar]
- \*\* Theron, Bridget **Pretoria at War** 2000 Protea Boekhuis
- \*\* Theron, Bridget **Dear Sue** 2000 Protea Boekhuis

Ek het ook fotokopië van die volgende ou kaarte van Pretoria:

- \*\* Oudste bestaande kaart van Pretoria geteken deur Landdros Andries Francois du Toit [1857-1859]

- \*\* Kaart van Pretoria vervaardigd door J. Van Vooren en J.H. Oerder. [1889]  
Op die kaart word die erfnummers aangedui sowel as die geboue op elke erf.
- \*\* Kaart van “Pretoria and Suburbs” [datum onleesbaar maar is ongeveer 1904]  
Hier word die geboue en die plante op elke erf aangedui. Interessant om te sien hoe groot was baie mense se tuine in daardie dae gewees.
- \*\* Dorpsgrond Plan van Pretoria middestad waar beide die ou en die nuwe nommers van elke erf aangedui word. Handige inligting om te hê indien u ou transportaktes bestudeer.
- \*\* Kaart van die ou Begraafplaas in Kerkstraat waar al die grafnummers [nie name] aangedui word. As u bv. soek na graf nommer DD A 37 Dutch Portion kan u op die kaart ‘n aanduiding kry waar om te begin soek.

Ek was gister by die Kerssangdiens in die Ooskerk agter Loftus. Die ou kerk het ‘n groot indruk op my gemaak. Ek het besluit om volgende maand iets oor Pretoria se ou horlosies en klokke te skryf. Ek wil ook probeer toestemming kry om na die ou uurwerk te gaan kyk. Ek gee nie om vir hoogtes nie maar hou niks van lere nie, miskien moet ek maar net my kamera opstuur en veilig onder op die grond bly. Het iemand miskien enige bydraes oor ou klokke en horlosies?

Groete tot volgende maand.

Rosa Swanepoel  
Tel: [012] 546 5803